
GELOOF
In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon…" Joh. 1:1 & 14



FAITH
In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt among us…" John 1: 1 & 14


POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411 - www.stangerchristiancentre.co.za

SONDER TWYFEL

En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan moet glo dat Hy is en 'n beloner is van diè wat Hom soek (Heb. 11:6).

Dit is so dat tot vandag toe Abraham as 'n geloofwaardige Voorvader dikwels genoem en vereer word in die Afrikaanse kerke, veral daar hy sò nou skakel met die Verbond. En tereg sò, want ook God was baie lief vir hom en het hom Sy vriend genoem. Maar ongelukkig is dit ook waar dat die eintlike sterk kwaliteit in Abraham se karakter nl. sy GELOOF, selde in die nougesette Verbondskringe deeglik beskou word.

Abraham was al 75 jaar oud toe die belofte van 'n nageslag aan hom gemaak is deur die Here: hy sou die vader word van baie nasies – sy nageslag sou wees



soos die sterre en die see sand. Abraham het dit bely onder die mense: hy het dikwels gesê dit gaan so wees. Niks het gebeur nie en sekerlik moes hy veel spot verdra, want afgesien daarvan dat jare al verloop het sedert God die belofte aan hom gemaak het, was hy en Sarai albei al horingkalbasoud en het steeds ouer geword. Abraham het egter NOOIT GEWANKEL NIE. Hy het sy oë op God se beloftes gehou en na bykans 25 jaar ('n kwart eeu!) is Isak gebore, en vandag is sy nageslag soos die sterre en die sand van die see! Die kerke vir wie Abraham 'n verbondsvader is, ignoreer heeltemal hierdie allerbelangrikste aspek i.v.m. GELOOF, nl. die tydsverloop wat dikwels voorkom tussen die belofte en die manifestasie daarvan, wanneer dit kom by Goddelike Genesing! As iets nie onmiddellik gebeur nie, sê hulle dis nie vir vandag nie! Tog sê Heb. 13:8 vir ons dat Jesus Christus (God) nog nooit verander het nie en tot in ewigheid dieselfde is – daarom hou Hy Sy Ewige Verbond van redding, genesing en voorsiening. Die Bybel praat van verskillende grade van geloof: swak geloof (Rom. 4:19), sterk geloof (Rom. 4:20), groot geloof, (Matt. 8:10), klein geloof (Luk. 12:28), toenemende geloof (2 Thess. 1:3), ongeveinsde geloof (2 Tim. 1:5).

Dit is dus nie net 'n geval van om geloof te hê, òf nie. Dit is 'n geval van op 'n sekere stadium op 'n sekere vlak van geloof te wees.

Ek wil graag 'n definisie van geloof gee soos God dit aan my geopenbaar het. Dit is so eenvoudig en kinderlik maar kan nie deur die intellek verwerk word nie. Geloof is om onvoorwaardelik te glo dat God sal doen wat Hy in Sy Woord belowe en daarop te reageer bv. God het die belofte aan Abraham gemaak wat menslik onmoontlik was, tog het Abraham bely dat God dit gesê het en so sal dit wees. Jesus het gesê diè wat glo sal hande op die siekes lê en hulle sal gesond word. Daar is 'n groot verskil tussen "genees wees" en "gesond word". Onmiddellike genesing kan plaas vind en is 'n wonderwerk, "gesond word" kan 'n tyd neem en is 'n Goddelike proses, maar wanneer daardie gelowige hande op jou gelê het, volgens die Woord, dan moet jy begin glo dat jy gesond sal word – want God het dit gesê en dit moet jy glo en bely, net soos Abraham dit bely het, nie teenstaande wat die intellek of mense sê nie.

En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan moet glo dat Hy is en 'n beloner is van diè wat Hom soek (Heb. 11:6).

Kom ons kyk na 'n paar persone in die Evangelies en stel vas wie se geloof hier in die gedrang is – wie se geloof het God se wonderwerke laat manifesteer!

Die hoofman oor honderd van Kapernaum se geloof het die genesing van sy kneg as gevolg gehad (Matt. 8). Die verlamde man se geloof en diè van sy vriende het sy genesing bewerk (Matt. 8) Die vroutjie wat 12 jaar aan bloedvloeiing gely het is volgens haar eie geloof genees (Matt. 9:22). Die

(vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Sonder Twyvel…..)

twee blindes is volgens hulle eie geloof genees (Matt. 9:29). Die Kanasèse vrou se duiwel-besete dogter is volgens die moeder se geloof genees (Matt. 15). Die dogtertjie van Jaïrus is volgens die vader se geloof genees (Mark. 5). Die dooie Lasarus is volgens Jesus se Geloof na vier dae in die graf opgewek (Joh. 11)

Daar is nog ander voorbeelde in God se Woord oor herstel en genesing maar deur net na hierdie paar gevalle te kyk besef ons dat verskeie mense se geloof vir wonderwerke nodig was, nie noodwendig die een wat die behoeftes het nie.

Tog is dit ook waar dat om genees te word deur iemand anders se geloof die Skriftuurlike uitsondering is, nie die reël nie. Bly dus liewer by die reël en nie by die uitsondering nie, en begin jou eie geloof op bou en gebruik, want, sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag (Heb. 11:6)

Jesus het vir jou aan die kruis gesterf. Hy wil hê jy moet besef dat jy mag het oor die duiwel, oor kwale en siektes en dat jy verlos is van sonde, siekte en ellende. Die vloek van die wet is in Deut. 28 vanaf vers 15 beskryf. Gal. 3:13 verduidelik: **Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word – want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang.** Jy sal nooit in staat wees om in hierdie oorwinning te wandel as jy staat maak op iemand anders se geloof nie!

Jy moet die Woord van God hoor. Jy moet in die Here Jesus Christus glo as jou Geneesheer, dan manifesteer jou genesing!

Maar geloof is altyd noodsaaklik, afgesien daarvan hoe klein dit is! Dis net belangrik dat jy dit sal gebruik!

Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word (Jak. 1:6). Moet nooit twyfel dat God nie sal doen wat Hy in Sy Woord belowe nie, want jy sal van Hom 'n leuenaar maak. Uit die talle wonderwerke wat Jesus gedoen het toe Hy op aarde was, kom die woord geloof bykans in 80 persent van die beskrywings daarvan voor.

Laat ons nou dan die redes begin opnoem waarom sommige nie genees word nie.

Paulus sê vir ons dat die geloof uit die gehoor is, en die gehoor is deur die Woord van God (Rom. 10:17). Dis baie belangrik dat ons hierdie teks reg sal verstaan. Geloof kom voort uit die Woord van God. Geloof word sterker, word opgebou deur die Woord van God. Dit sal dus nie help om rond te gaan met die uitroep in jou hart en op jou lippe: ek het te min geloof, nie. Dis maar net 'n refleksie op jou verhouding tot die Bybel: hoe meer tyd jy met die Woord van God deurbring, hoe meer geloof sal jy hê!

Baie mense daag by die Sentrum op vir gebed met 'n vae hoop dat God hulle sal genees. Dan kan hulle nie 'n antwoord gee nie! As jy hulle vra wat die Bybel sê oor die welstand van hulle siel, sal hulle gou vir jou kan vertel dat Jesus Christus aan die kruis gesterf het vir hulle sondes sodat hulle siele gered kan word – hoe is dit dan dat Satan die mens oor baie jare blind hou vir die ander helfte van die evangelie, die blye boodskap nl. dat Jesus ook gesterf het vir al ons krankhede en siektes sodat ons genees kan word. Jes. 53:5: **… en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom.** Matt. 8:17: **…… Hy het ons krankhede op Hom geneem en ons siektes gedra.** 1 Pet. 2:24: **….. deur wie se wonde julle genees is.**

Sonder die kennis van die Woord van God sal ons nooit die nodige geloof opbou wat in ons hart moet wees wanneer ons na Jesus kom vir genesing nie. Solank baie kerke ook net 'n halwe evangelie verkondig werk hulle mee om hierdie toestand van onkunde in stand te hou en mense gebonde te hou in dit wat die duiwel op hulle sit. Die Woord sê in Markus 7 vers 7 en 8: **Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is. Want terwyl julle die gebod van God nalaat, hou julle aan die oorlewering** (tradisie) **van mense vas.** Die Bybel sê by herhaling: En hulle het gekom om die Evangelie te hoor en om genees te word, en daarom was Jesus se resultate 100 persent en was almal altyd genees. (Luk. 5:15) Want daar was nie tradisie betrokke, maar hulle het God se Woord geglo en daarop gehandel.

Die volgende is 'n tipiese voorbeeld van 'n situasie wat ek dikwels raakloop:

Dr, bid asb. vir my oor ek is stokdoof daarin vir meer as 20 jaar. Baie het al vir my gebid, groot Geloofsmanne maar nie een kon my nog help nie. Waarom word my oor nie genees nie?

Ek antwoord: Dit kan, as jy sal glo. Dr. hulle sê dit almal vir my maar niemand kon my nog help nie. Vriend, dink jy God is gewillig om iemand soos jy te genees? vra ek hom. Ek weet nie. Ek weet dat as dit Sy Wil is om dit te doen dat Hy wel in staat is om dit te doen, maar, ek veronderstel dis een van daardie dinge wat ons nie behoort te weet nie.

Dis presies waarom jy nog nooit jou genesing ontvang het nie. Jy het nog nooit self die Woord van die Here gelees en ook nie gelowig die Woord ontvang wat aan jou verkondig was nie. Jy weet nie of God wel gesê het of Hy jou sal genees nie, daarom is dit geen wonder dat jy nie weet of dit Sy Wil is of nie om jou te genees nie.

Ek vra verder: Glo jy dit is God se Wil om Sy Beloftes na te kom? Ja, beslis antwoord hy. Wel, Hy het belowe om jou te genees en as ek vir jou daardie belofte aanhaal dan behoort jy Hom te glo en net hier nou dadelik genees te word.

Ek haal 'n paar Skrifte aan in sake die genesing van ons liggame wat van toepassing is op elke indiwidu, soos bv. **Ek is die Here wat JOU gesond maak** (Ex. 15:26) hierdie woorde het God toegevoeg aan oor die 3 miljoene Israeliete. **Deur wie se wonde JULLE genees is (1 Pet. 2:24) en IS DAAR IEMAND siek onder julle? laat hom inroep** (Jak. 5:14). Toe vra ek hom: Nou, met al hierdie tekse in gedagte wat belofte is aan almal wat glo, dink jy God sluit JOU in? Ja, ek dink so, antwoord hy. Wel, is dit God se Wil om jou te genees aangesien Hy voorsiening vir die genesing van elke siekte en elke kwaal gemaak het vir alle mense? Matt. 8:16 en 17: **En**

(Vervolg op Bl. 6)

"Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word (Jak. 1:6)."

A VESSEL fit for the MASTER'S USE

But we have this treasure in earthen vessels that the EXCELLENCY of the POWER may be OF GOD, and NOT OF US. (2 Cor. 4:7) ***THE BIG DECEPTION:*** **A very tragic thing has happened in the time in which we live, that is that God is no longer considered supreme, infinite, eternal and Self-existent. Man has now become the god kind of person with the potential to determine his own destination.**

God seems to have no place in our day and age. Man's great undeveloped potential and abilities that have no limit leave no place for God. Man says he finally knows what the ultimate meaning of life is. True life is to satisfy the vacuum within one's self, according to man. Many say the only way to satisfy one's self is to look within and recognise the god within you. This god has been a prisoner within you for centuries.

The tragedy is that mankind is on a suicide voyage with this attitude. History reveals that whenever man looks at HIMSELF AS A SOMEBODY, he is staging his own destruction.

Satan followed this path of destruction. He saw himself as a SOMEBODY and ended up being thrown out of heaven. The first sign of this self-elevation which was noted in Satan was the "I WILL" – sign.

For thou hast said in thine heart, I WILL ascend into Heaven, I WILL exalt my throne above the stars of God: I WILL sit also upon the mount of the congregation, in the sides of the north.

I WILL ascend above the heights of the clouds, I WILL be like the most High (Is. 14:13-14)

When Satan saw himself as somebody likened to God, he was cast out of heaven. Adam and Eve also thought that they could be like God. With their action in pursuing this thought, they shattered the whole balance of life.

So when the woman saw that the tree was good for food, that it was pleasant to the eyes, and a tree desirable to make one wise, she took of its fruit and ate. She also gave to her husband with her, and he ate. (Gen.3:6)

They believed Satan's lie that they would be like God if they ate of the forbidden fruit. It lead to man's fall; spiritual death and separation from God.

Ever since the fall of man, the root problem of man has been his rebellious nature, his self-elevation – man wants to exalt himself and history repeats itself time and again. **And they** (Noah's descendants after the flood) **said one to another, Go to, LET US make brick, and burn them thoroughly …. Go to, LET US build US a city and a tower, whose top may reach unto heaven; and LET US MAKE US A NAME … (Gen. 11:3-4)** Their motive was self-elevation and they desired to make a name for themselves with the high tower. The result of their exaltation was confusion of their language and the Lord scattered them over the face of the earth!



Let us say: When I am weak then I am strong in the Lord. I am a vessel. I am a lump of clay. You are the potter Who has power over the clay. Mould me and shape me, Lord Jesus.

Ever since the fall of our first parents, Adam and Eve, this rebellious nature has been our greatest problem even in the Christian's life.

If we want to have an intimate and personal relationship with God we need to come to Him in utter humility and complete dependence and reliance upon Him.

God called Moses the most humble man of all men on the face of the earth. (Num. 12:3) Yet surely Moses had full reason to be puffed-up and to think of himself as somebody special, not only did he grow up in Pharaoh's palace, but was educated as a king's son and if we consider the relationship God had with Moses.

God said of Moses: **my servant Moses …. I speak with him face to face …. and he sees the form of the Lord. (Num. 12:7-8)** But it was because of Moses' humbleness, that God blessed him with this Personal relationship! Take note of Moses' reaction and words when the Lord spoke to him from the burning bush and sent him to Egypt to lead His people out of slavery;

WHO I AM … that I should go to Pharaoh….. (Ex. 3:11)

WHO AM I LORD? I AM JUST A SHEPHERD – I AM NOTHING. This was the reaction of a humble man.

Humble yourselves in the sight of the Lord, and he will lift you up. (James 4:10)

Humble yourselves under the mighty hand of God, that He may exalt you in due time (1 Pet. 5:6)

One of the greatest problems in the Church today is: **Let us make a name for ourselves.** A charismatic preacher said recently: "The nineties will be a decade when Christians will be promoted to positions of authority in every field. Spirit filled doctors, scientists and research teams will find cures for dreaded diseases as God gives His people new inventions and ideas. Christian politicians and teachers will begin to dominate the political and educational arenas and great prosperity will come upon those in business. THE CHURCH WILL BEGIN TO REALISE ITS UNLIMITED POTENTIAL.

I call the above the **I AM SOME BODY** – syndrome. This is the KINGDOM NOW-theology which is being preached by Rhema, Agapè International Ministries, Hatfield Baptists (and many of the IFCC-affiliated assemblies), some Christian Centres and even some Pentecostal churches.

Jesus said: 'I AM BUILDING MY CHURCH. I am not improving society. I am not bringing reform through politics. I am saving people and calling them out of the world into My Church."

If we belong to Jesus Christ our calling is not to reform the world, but to preach the Gospel!

Satan elevated himself and God cast him out of heaven. Adam acted in the same way and God chased him out of the Garden of Eden and his relationship with God was marred. Through the ages this I AM SOMEBODY-syndrome has demolished many people. Take note of what God said by the mouth of his prophet Jeremiah to His People who

(Continued on page 4)

(Continued from page 3 - A vessel fit for the Master's use)
also sometimes suffered with this I AM SOMEBODY-syndrome.

O generation, see ye the word of the Lord. Have I been a wilderness unto Israel? A land of darkness? Wherefore say my people, We are LORDS (we have dominion) **we will come no more unto thee? (Jer. 2:31)**

Pride goeth before destruction, and a haughty spirit before a fall. (Prov. 16:18)

Rather call out like Moses: WHO AM I LORD. Let us admit our weakness. It is only when we are humble and dependant on Him that His purpose can be manifest in our lives.

...God resists the proud, but He gives grace to the humble (1 Pet. 5:5)

The parable of the ten virgins also speaks to us about this matter. All ten of them took their lamps and set out to meet the bridegroom. FIVE OF THEM BECAME COMFORTABLE. They said: "While the Lord tarries, let us get on with life. Let us make a name for ourselves. Let us build our Kingdom for are we not heirs of the Father? Surely therefore His Kingdom must also be our Kingdom." **Their eyes were no longer on the Bridegroom!**

The other five virgins kept on watching and on their lips you could read: "Come Lord Jesus, Come!" There was no time for getting comfortable. They needed to look their very best: **spotless without any blemish, pure and undefiled for the Bridegroom.**

The song on their lips was: "In Thy Presence is fullness of joy; at Thy right Hand there are pleasures for evermore." But such an attitude requires a watchful and sober life!

Therefore let us not sleep, as others do, but let us watch and be sober (1 Thess. 5:6)

Moses called out: WHO AM I, LORD!

God said to Moses: **I AM WHO I AM.**

Even David, a man after the Heart of God, called out: **Who am I, O Lord God, and what is mine house, that thou hast brought me hitherto? (1 Chron. 17:16)**

Paul was one of the mightiest disciples used by God, and his writings constitute more than half of the New Testament. But what is especially important in the life of Paul, is that when he had all the authority and power to persecute and to rule, he was in fact a powerless servant of God. But after he had A REAL encounter with Jesus on the Road to Damascus, a great change took place in his life. I believe that every true Christian should have such an encounter with Jesus Christ in order to be an asset to God.

Paul suddenly found that the things that were important to the world, namely religion and religiosity, did not impress God, and Paul even had to return to the Arabian desert for 3 years to be "decontaminated" from that which to the world appears to be of such importance. This, in Paul's life, was replaced by a humble, servant-like attitude and then he could truly say: **When I am weak, then am I strong! (2 Cor. 12:10)** Because of this attitude, he raised the dead, healed the lame, sick, blind, etc. This power which was never evident in his life before, suddenly became available, because of Paul's renewed attitude. Let this be a lesson to all of us!

God resisteth the proud, but giveth grace unto the humble. (James 4:6)

If you look around you, you will find that today the world still advocates the opposite, such as political power, financial strength, controlling and self-esteem. The world continues to proclaim: "When I am proud and wealthy; then I am strong." But the Word of God says: **When I am WEAK, then am I STRONG (2 Cor. 12:10)**

<u>The following are some of the most important KEYS to inheriting the Kingdom of God.</u>

1. HUMILITY: James 4:10: **Humble yourselves in the sight of the Lord, and He shall lift you up.**
2. THE BEATITUDES: Matt. 5:2-12.
3. FORGIVENESS: Mark 11:25.
4. LIBERATION FROM THE LOVE OF RICHES AND EARTHLY GOODS: **Matt. 19:21-24.**

Let us say: When I am weak then I am strong in the Lord. I am a vessel. I am a lump of clay. You are the potter Who has power over the clay. Mould me and shape me, Lord Jesus. □

"If we belong to Jesus Christ our calling is not to reform the world, but to preach the Gospel!"



Ons God van wonderwerke

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Ek skryf dat ek ‘n jaar gelede Februarie 2007 ‘n diens bygewoon het vir genesing. My regter oor was doof en ek het vel kanker onder my regter oog gehad, maar die seer was nog klein gewees. Nadat Dr. die hande op my gelê het, het Dr my vinger in my ore gedruk gebid en terwyl Dr. gebid het, het ek ‘n wit lig voor my oë gesin verby gegaan. Ek het huis toe gegaan en die Vrydag oggend to sê die duiwel vir my die gebed het nie gewerk nie, ek het die Sentrum gebel, en Dr. het vir my gesê daar is vir my gebid vir genesing. Ek sê toe vir die duiwel ek is genees van die regter oor en die Maandag toe kom ek agter ek kon met my regter oor normaal hoor. ‘n Paar dae daarna toe kom ek agter my sig het verbeter ek lees en bestuur nou sonder ‘n bril. Alle eer aan God! Dankie vir julle gebede.

Mnr H Hare, Ugie

Ek groet julle hier vanuit Despatch met ‘n hart vol dankbaarheid teenoor ons Here God wat ons ooit in die steek laat nie en Sy getrouheid aan ons bewys. Baie dankie vir julle voorbidding vir myself toe ek fisies so uitgeput, moeg en vol pyne was. Die Here het dieselfde aand nog vir my aangeraak en hernu deur die Heilige Gees sodat ek Woensdag, voor die Bybelstudie soos nuwe mens gevoel het. Dit het baie goed by die Bybelstudie verloop. Die Heilige Gees se salwing het opnuut oor my gekom en was ook in totale beheer daar. Die wonderwerk is dat nog 2 vrouens kom aansluit het, een ookal van Uitenhage, omtrent 6km van ons af! Ons is nou al 27 vrouens saam. Hou asb. Aan om vir my gereeld te bid hieroor asook my gesondheid en beskerming ook vir my gesinslede. Jesus liefde. God seën.

Tilly Sadie, Despatch

Verlede jaar aan die einde Mei het ek ‘n pyn in my rug ontwikkel (nadat ek gegly het in Desember die vorige jaar) en is dokter toe. Die dokter het my vir ‘n “Pelvie scan” gestuur wat gewys het dat groeisels met die jare ontwikkel het wat my baar uit sy plek geskuif het. Ek is daarna na ’n ginekoloog wat my aangeraai het om ‘n algehele histerektomie te ondergaan.

Dokter oppad huis toe, ‘n week na die dokter se bevinding staan ek een aand op die busstop en ek maak ‘n besluit om my God volkome te vertrou vir my genesing. Weet as ons nog wonder hoe intens Satan ons haat, het ek dit die afgelope maande ontdek, maar God Sy dank wat aan ons die oorwinning gee. Ek het besluit ek laat nie aan my sny nie en dat ook geen medikasie sal neem nie, dis hoe volkome ek my God sal vertrou. Met die besluit het ek hewig aanvalle van Satan ervaar, elke dag het ek pyn ondergaan. Daar was tye dat nie geslaap het nie. Ek het negatiewe woorde van baie menslik (selfs gelowiges) gekry. Hulle het gesê ek moet oppas vir kanker, maar telkemale as die woorde na my kom, het ek dit gekanselleer. My regter been het begin sleep, sodat ek al aan die eenkant geen gevoel gehad het nie. My gewig het afgeneem as gevolg van die pyn. Dr. soms was die pyn so erg dat ek by die hangkas staan dan sê Satan vir my hoekom neem jy nie al die pille wat daar is en drink dit nie. Maar dan onthou ek my besluit en ek neem God op sy Woord. Ek het rêrig onderneem dat God se Woord Sy Eer is. Dat Sy Woord lewe is vir die wat dit vind en genesing vir ons gebeente. Ek het Satan intens gehaat vir dit wat hy aan my kom doen het, hy is ‘n dief, maar my God Belowe Hy sal ons vergoed die jare wat die treksprinkaan afgevreet het en ons as Sy kinders sal nooit weer beskaam hoef te staan nie. Dat Hy elke siekte uit ons midde verwyder het, want deur Jesus se wonde het daar vir my volkome genesing gekom. Elke keer as ek my genesing bely het en God op Sy Woord geneem het dan slaap en nie saans nie van die pyn. Ek het besef Satan is desperaat, want as ons op God vertrou dan seën Hy ons, met die uiterlike tekens dat mense kan sien dat Hy ‘n Waarmaker is van Sy Woord.

Dr die been het begin lewe kry, die styfheid het verdwyn. Ek het kolonprobleem gehad (my maag was soms struif en ander kere weer geloop) My God is GROOT. My maag het begin regkom. Die harde knop wat in my maag was, het verdwyn (ek glo God het met sy operasie mes elke groeisel afgesny). Ek slaap saam regdeur. My blaas en baar is volkome genees. En ek is ‘n lewende getuie van wat my God deur Sy Seun Jesus en deur die krag van Sy Genees kan doen. Baie dankie vir elke gebed wat vir my gedoen was. Mag die seën van die Here altyd op u werk by die sentrum rus. En dat u altyd ‘n gewillige instrument in Sy Hand wees. Groete

Mej B Sydien, Port Elizabeth

Baie dankie vir die voorbidding wat ek gevra het drie weke terug oor my vriendin se kinders ene was geaanvaar by die Universiteit van Namibia, maar daar was nie vir hom plek in die Campus nie. Gister het hy gebel om te sê hy het blyplek gekry in die Campus. Die moeder huil al van gister. Trane van blydskap. Liefdes groete van Victoria.

Mev P Martins, Oshakati

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Sonder Twyvel...)

toe dit aand geword het, het hulle baie na Hom gebring, wat van duiwels besete was; en Hy het die geeste met 'n woord uitgedrywe; en almal wat ongesteld was, het Hy gesond gemaak, sodat vervul sou word wat gespreek is deur Jesaja, die profeet, toe hy gesê het: Hy het ons krankhede op Hom geneem en ons siektes gedra. Ja (nou klink hy baie sekerder) Ek glo genesing is nou vir my bedoel. Ek het dit nog nooit voorheen sò verstaan nie.

Dis of daar 'n glinstering van geloof in sy oë is toe hy begin verstaan dat God se Woord vir hom persoonlik is. Ek weet dat op daardie tydstip is omstandighede reg om vir hom te bid en ek het skaars sy dowe oor aangeraak toe kom klanke daardeur en kon hy vir my net so goed hoor met daardie oor as met die ander oor.

Toe hierdie man uiteindelik geweet het wat God gesê het i.v.m. alle siekte en gebreke en dit gewaag het om uit te tree op daardie Woord en verklaar het dat hy ingesluit was by die IEMAND van Jak. 5:14. Die JOU van Ex. 15:26 en die ONS van Matt. 8:17, toe is die Woord volbring.

Daarom gesels ons maar weer oor JOU genesing, sodat JY kan insien dat die beloftes in God se Woord vir JOU is en as jy dit besef, sal JY BEGIN REAGEER VOLGENS DIE WOORD VAN GOD en SY seëninge verwag. Hou altyd in gedagte….. **As jy My insettinge en gebooie nakom….**

ons weet dat Hy ons verhoor, dan weet ons dat, wat ons ook al vra, ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het.

Jesus het gesê: Die Woord is die saad. Dit is die saad van die Ewige Lewe. Totdat 'n persoon wat genesing soek seker is uit God se Woord dat dit God se Wil is om HOM te genees, probeer hy 'n oes inbring waar geen saad geplant was nie. Dit sal onmoontlik wees vir 'n boer om geloof te hê vir 'n oes voordat hy seker is dat daar saad geplant is.

Dit is nie God se Wil dat daar 'n oes sal wees voordat daar saad gesaai is nie – sonder dat Sy Wil bekend is en daarvolgens gereageer word nie. Jesus het gesê: **En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak (Joh. 8:32),** maar let op wat Hy in vers 31 en 32 sê: **….. As julle in My Woord bly, is julle waarlik My dissipels. En dan sal julle die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak.** Vryheid van siekte kom deurdat die waarheid daaroor geken word. GOD DOEN NIKS SONDER SY WOORD NIE.

Die Woord genees – sien Spreuke 4:22 en Ps. 107:20. Die saad wat geplant moet word in elke siek persoon se gedagtes en hart is die wete dat dit God se Wil is om Hom te genees. En dit is nie geplant voordat dit ingeneem en vertrou word nie. Geen sondaar kan 'n Christen word voordat Hy nie WEET dat dit God se Wil is om Hom te red nie. Dit is die Woord van God wat geplant is, versorg is en standvastig vertrou word,

"Jesus het gesê: Die Woord is die saad. Dit is die saad van die Ewige Lewe. Totdat 'n persoon wat genesing soek seker is uit God se Woord dat dit God se Wil is om HOM te genees, probeer hy 'n oes inbring waar geen saad geplant was nie. Dit sal onmoontlik wees vir 'n boer om geloof te hê vir 'n oes voordat hy seker is dat daar saad geplant is."

Heb. 11:1 sê: **Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.**

'n Ander goeie definisie van geloof is. Geloof is om te verwag dat God vir jou gaan doen wat jy weet Hy in Sy Woord gesê het Hy sal doen. GELOOF IS OM TE GLO DAT GOD NIE LIEG NIE EN DAT HY 'N WAARMAKER VAN SY WOORD IS.

Bileam, 'n ware profeet van God, het gesê: **God is geen man dat Hy sou lieg nie; of 'n mensekind dat dit Hom sou berou nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, of spreek en dit nie waar maak nie? (Num. 23:19)**

Voordat enige persoon 'n standvastige geloof vir die genesing van sy liggaam kan hê moet hy ontslae raak van enige twyfel i.v.m. God se Wil oor hierdie saak. Geloof wat kan toe-eien kan nie uitstyg bo jou kennis van God se geopenbaarde Wil nie.

Voordat jy probeer om geloof te beoefen vir genesing moet jy kennis dra van wat die Skrifte duidelik leer, nl. dat dit net so sterk God se Wil is om die liggaam te genees as wat dit Sy Wil is om siele te genees… Dit is slegs deur te WEET dat God belowe wat jy soek dat alle onsekerheid verwyder kan word en 'n standvastige geloof moontlik is.

Elkeen van Sy beloftes is 'n openbaring van wat God ywerig is om vir ons te doen. Totdat ons weet wat God se Wil is, is daar niks om ons geloof op te baseer nie. 1 Joh. 5:14 en 15 sê: **En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens Sy wil. En as** wat beide die siel en die liggaam genees. Die SAAD moet geplant bly en versorg word voordat dit 'n oes sal lewer.

Vir 'n persoon om te sê: Ek glo God is daartoe in staat om my te genees, voordat hy uit God se Woord uit weet dat God GEWILLIG is om HOM te genees, is soos 'n boer wat sê: Ek glo God is daartoe in staat om vir my 'n oes te gee sonder dat ek enige saad saai of dit nat gooi. God kan nie 'n mens se siel red voordat daardie persoon self WEET wat God se Wil in die saak is nie, want redding is in die geloof, dit is deur die BEKENDE Wil van God te vertrou. **Joh. 3:16: Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gehad het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.** In 'n sekere sin is om genees te word soos om gered te word maar op 'n fisiese gebied.

Om vir genesing te bid met die geloofsvernietigende woorde: **As dit U Wil is,** is nie om saad te plant nie – dis om die saad te vernietig. deur onkunde en twyfel. Die Woord van God vertel ons in Jak.1 vers 6 en 7: **Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word. Want die mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie.**

Die gebed van die geloof wat die sieke genees volg op (gaan nie vooraf nie) die plant van die saad (die Woord) waarop geloof gevestig is.

Hierdie is die Evangelie waarvan die Heilige Gees sê dat dit

(Vervolg op Bl. 8)



uit **Dr James** se kantoor

Geliefde,

Dit mag wees omdat ek weet dat my jare aanstap en begeer om alles wat die Here aan my toevertrou het klaar te maak voordat ek Hom van aangesig tot aangesig sien, of dat dit net eenvoudig die dringendheid van die tye waarin ons leef kan wees, maar ek het die Here gevra wat die beste manier vir my sal wees om die duisende kosbare siele wat nog ongered is, en lewe sonder die kennis van wat ons Here Jesus Christus vir hulle aan die kruis op Golgota gedoen het, te bereik. Dit is so belangrik in hierdie tyd van God se voorbeskikte eindtyd gebeure om soveel moontlik siele vir Sy Koninkryk in te bring, voordat dit te laat is. Om hierdie rede het ek gedink aan die effektiefste, tog Bybelse maniere om die groot taak uit te voer, veral in ons land en buite ons grense. Ek voel sterk deur die Here gelei om op die stadium twee dinge te doen en ek wil hulle met u deel.

Die eerste een is om al ons boeke beskikbaar te stel aan enigeen wat dit wil lees of wil vertaal, op ons webwerf, www.stangerchristiancentre.co.za. Dit het ongeveer 30 jaar geneem om al die boeke by die Sentrum saam te stel en ons het die veranderde lewens van duisende kosbare mense gesien, wat hulle gelees en gered is en in die Here gegroei het, en ook fisies genees is; ALLE eer aan die Here alleen! Die koste verbonde aan die druk lewering en pos van hierdie boeke was aansienlik en die Here was op elke gebied getrou gedurende al hierdie tyd, en nou het die Here my aangesê om hulle almal op die manier kosteloos beskikbaar te stel. Hulle kan nou die hele skepping bereik en afgelaai word deur net 'n knoppie te druk deur wie ookal wil, heeltemal kosteloos. Verder, soos ek reeds genoem het, kan hulle in enige taal vertaal word want daar is geen kopiereg nie; ons dring egter daarop aan dat geen veranderinge in hulle aangebring word nie.

Die tweede manier om die verlorenes te bereik is om 'n kopie van ons boek, The Lord's Table and Healing, en/of Die Nagmaal en Genesing in die hande van soveel as moontlik ongeredde mense te plaas. Die rede hiervoor is eerstens, dat die boodskap wat die boek bevat gegee is (ek glo deur die Goddelike insperasie van God), toe die Christelike Sentrum aan die Here opgedra is op die 14/7/1984, dus moet dit met soveel as moontlik gedeel word. Tweedens, dat die boodskap die volledige Evangelie van ons Here Jesus Christus in sy geheel is, en beskryf ten volle die doel van Sy koms na die aarde, en die klimaks van Sy offerdood as God se Lam aan die Kruis vir die verlossing van die mens. Ek weet dat enigeen wat die duidelike beskrywing gelees het van die lyding van Jesus, sodat die prys vir hul sonde en siekte betaal kon word, nie net in sy hart veroordeel word nie maar sal dadelik sy Verlosser met dankbaarheid en danksegging omhels!

Nadat ek vasgestel het dat dit die doelwit is, het ek op die Here gewag vir 'n plan van aksie en die een wat vir my goed gelyk het, was dat ons hierdie boek in albei tale moet druk in swart en wit, insluitend die buiteblad, en hulle kosteloos aan die lesers beskikbaar stel versprei oor die lengte en breedte van die land, wie oor die jare gereelde verspreiders van ons boeke aan die ongereddes in hul bepaalde gebied of dorp was. Dit sal beteken dat die hele land op die manier bereik kan word! Verdere inligting sal gegee word sodra hierdie twee boeke spesiaal vir die doel gedruk en reg vir verspreiding is. Bid asseblief saam met ons vir die eindtyd siele uitreiking projek.

Jesus het die gelowiges beveel, net voor Hy na die Hemel opgevaar het, om die Evangelie aan die hele skepping, aan al die nasies te verkondig. Dit het 30 jaar gelede na 'n onmoontlike taak gelyk, maar God verwag nooit van ons om die onmoontlike te doen nie, tensy Hy die middel voorsien om dit te kan uitvoer. Hy het gesê verniet het Ek gegee, dus verniet moet julle gee en so het Hy die nodige tegnologie tot stand gebring.

Ons wil elkeen van u bedank wat so vrywillig gegee het, sodat die werk van die Here uit die Sentrum kan aanhou om die verlorenes te bereik en om die Broeders in hul tyd van nood te bemoedig! Ons is so dankbaar vir al daardie kosbare heiliges wat vir ons en met ons bid, ons onthou julle ook altyd in ons gebede. Mag die Here u en u families ryklik seën! In afskeid spoor ek julle aan met hierdie woorde in **1 Kor.15:58: Daarom, my geliefde broeders, wees standvastig, onbeweeglik, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie.**

Met liefdevolle groete,

Dr James

Spesiale woord van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.

Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

***


(Vervolg vanaf Bl. 6 - Sonder twyvel...)

die krag van God is tot redding op elke gebied, fisies sowel as geestelik. Die HELE Evangelie is vir die ganse mensdom en vir alle nasies. Die Evangelie laat nie 'n mens in onsekerheid dat hy nodig het om te bid: As dit U Wil is nie. Die Evangelie toon duidelik aan wat God se Wil is. Die Evangelie is die blye boodskap oor redding en genesing.

God se woorde in Matt. 8:17: **Hy het ons siektes gedra**, is net so 'n ware deel van die Evangelie as: **(Hy) wat self ons sondes in Sy liggaam op die kruishout gedra het. (1 Pet. 2:24).** (Kry ons boek "Nagmaal en Genesing"

Dawid het gespesifiseer: **Wat al jou ongeregtigheid vergewe, wat al jou krankhede genees. Ps. 103.**

Wanneer ons die nodige kennis opgedoen het behoort ons gesindheid tenoor siekte dieselfde te wees as ons gesindheid teenoor sonde. Ons doel om ons liggame te laat genees behoort net so definitief te wees as ons doel om ons siele te laat genees. Ons behoort beslis nie een deel van die Evangelie te ignoreer nie! Jesus se laaste woorde op die aarde was: "Gaan lê hande op die siekes en hulle sal gesond word. (Mark. 16)



Ons Plaasvervanger het ons SONDE en ons SIEKTE gedra sodat ons daarvan vrygemaak kan word. Dit het Christus 2000 jaar gelede gedoen en dis sekerlik 'n volwaardige rede waarom ons Hom nou kan vertrou vir vrymaking van albei.

Wanneer ons bid en met erns vir God vergifnis van sonde vra, glo ons dit is vergewe volgens die gesag van SY Woord, omdat ons gebede verhoor is. Ons moet dieselfde doen wanneer ons bid vir genesing. (Kry ons boeke "Hoe moet Ek bid?" en "Die Tweensnydende Swaard".

Luister na wat ek sê, neig jou oor tot My Woorde, laat hulle nie wyk uit jou oë nie, bewaar hulle binne – in jou hart. Want hulle is die lewe vir die wat hulle vind, en 'n genesing vir hulle hele liggaam. (Spr. 4:20 tot 22)

In hierdie maklik verstaanbare gedeelte, vertel God vir ons presies hoe ons na Sy Woorde moet luister. Hy sê: laat hulle nie wyk uit jou oë nie. I.p.v. jou oë op jou simptome te hou en daarmee besig te bly, laat God se Woord nie uit jou oë wyk nie. M.a.w. kyk voortdurend na hulle, soos Abraham gemaak het en groei sterk in jou geloof deur na die Beloftes van God te kyk en na niks anders nie …..

Wanneer ons na God se Woord luister en hulle nie uit ons oë laat wyk nie en hulle in ons harte bewaar, is die SAAD in goeie grond. Dis in hierdie soort grond wat Jesus gesê het dit vrugte sal voortbring.

Wanneer die boer sy saad in die grond geplant het, grawe hy dit nie elke dag op te sien hoe dit vorder nie, maar sê: Ek is bly dit is nou vas in die grond, en glo die saad het nou begin groei. Waarom dan nie dieselfde geloof in die onverganklike saad, nl. die Woorde van Christus hê nie? Hy sê hulle is gees en lewe en glo dat hulle reeds werk, sonder om te wag en sien.

Nadat jy jou saad geplant het, GLO jy dat dit groei voordat jy dit sien groei. Hierdie is geloof – die bewys van die dinge wat jy nie sien nie.

Wanneer jou oë op jou simptome is en jou gedagtes eerder daarmee gevul is as met God se Woord, dan het jy die verkeerde soort saad in die grond vir die soort oes wat jy begeer. Jy het saad van twyfel in die grond. Jy probeer een soort oes kweek van 'n ander soort saad. Dis onmoontlik om onkruid te saai en koring te oes. Jou simptome mag vir jou na die dood wys, maar God se Woord wys na LEWE, en jy kan nie in twee teenoorgestelde rigtings kyk terselfdertyd nie….

Nadat jy jou saad geplant het, GLO jy dat dit groei voordat jy dit sien groei. Hierdie is geloof – die bewys van die dinge wat jy nie sien nie. (Heb. 11:1)

Enige mense kan ontslae raak van twyfel deur standvastig sy oë te hou op die enigste bewys wat God vir ons gegee het vir ons geloof. Om net te kyk na wat God sê sal geloof voortbring en laat groei. Dit sal dan makliker wees om te glo as om te twyfel, want die bewys vir geloof is baie sterker as diè vir ongeloof. Moenie aan jou GELOOF twyfel nie – twyfel aan jou twyfel, want twyfel is onbetroubaar.

"Hy kan as Hy wil" is 'n foutiewe redenasie wanneer dit by redding en genesing kom.

Ons glo dat dit God se Wil is om sondaars te red want die Bybel verklaar dit onomwonde. Al ken ons net Joh. 3:16 dan WEET ons dat God die wêreld so liefgehad het dat Hy Jesus gestuur het om vir ons aan die kruis te sterwe.

Dieselfde Bybel wat ALMAL nooi om genees te word van hulle sondes, nooi enige IEMAND wat siek is om genees te word van sy siekte (Jak. 5:14).

Dieselfde Christus wat altyd sondes vergewe het, het altyd siektes genees. Dit was dieselfde Verlosser wat gesê het: **Staan op, neem jou bed op en loop (Mark. 2:9)** wat ook gesê het: **Seun, hou goeie moed, jou sondes is jou vergewe (Matt. 9:2).**

Dieselfde Skrif wat sê: **Wat al jou ongeregtigheid vergewe,** sê ook: **wat al jou krankhede genees (Ps. 103:3).**

Dieselfde Skrif wat sê: **(Hy) wat self ons sondes in Sy liggaam op die kruishout gedra het,** sê ook: **deur wie se wonde julle genees is (1 Pet. 2:24).**

Christus het gekom om ons vry te maak van siekte en sonde. Hy het ons siekte sowel as ons sonde gedra.

Geloof is dus om te glo dat God sal doen dit wat Hy in Sy Woord belowe. Hierdie feit plaas die misterieuse iets wat mense geloof noem, binne die bereik van die eenvoudige kind.

As ons baie seker is dat die geskrewe Woord vir ons God se geopenbaarde Wil is van alles wat Hy verlang om vir ons te gee, dan sal ons daardie Woord bewaar, daarop staan ten volle afwagtend dat God Sy Woord gestand sal doen sonder twyfel of bekommernis. 1 Joh. 1:15 ☐

"Geloof is dus om te glo dat God sal doen dit wat Hy in Sy Woord belowe. Hierdie feit plaas die misterieuse iets wat mense geloof noem, binne die bereik van die eenvoudige kind."